

➔ saamgestel deur CJ Louw, met erkenning aan dr. Jasper Coetzee



Foto: Elani Meek, Lindley, Vrystaat

PERFEKTE PLASENTA- ONTWIKKELING



Plasentale hormone speel 'n baie belangrike rol by moedereienskappe omdat dit onmiddellik ná die ooi gelam het, verantwoordelik is vir die vorming van die band tussen haar en die lam.

Die ontwikkeling en grootte van die plasenta in 'n ooi is om verskeie redes belangrik. Die plasenta skei die hormoon estradiol af, wat die uier voorberei op melkklierontwikkeling. Die ontwikkeling van die uier gedurende laatdragtigheid bepaal die melkproduksiekapasiteit van die ooi. Die negatiewe effek van swak voeding tydens middragtigheid op die ontwikkeling van die plasenta kan nie enige tyd daarna opgehef word nie.



Optimale ontwikkeling

Optimale plasenta-ontwikkeling is baie belangrik vir 'n hoë reproduksie- en lamgroeitempo. Geboortemassa is een van die belangrikste faktore wat lamoorewing beïnvloed en hou verband met die onvermoë van klein lammers (lammers wat by geboorte minder as 2,5 kg tot 3 kg weeg) om genoeg melk te drink. Lammers oorleef maksimaal wanneer die geboortemassa tussen 3,5 kg en 5,5 kg is, terwyl lamvrektes met tot 15% toeneem wanneer die geboortemassa laer as 3,5 kg of hoër as 5,5 kg is. Die finale grootte van die plasenta (nageboorte) bepaal hoofsaaklik die geboortemassa van die lam.

Onvoldoende plasenta-ontwikkeling gedurende middragtigheid (die tweede en derde maand van dragtigheid) gee aanleiding tot:

- 'n toename in fetale vrektes;
- lae geboortemassa;
- swak lewensvatbaarheid by geboorte;

- 'n afname in die energiereserwes van die lam;
- swak moedereienskappe van die ooi;
- laer melkproduksie; en
- 'n toename in lammortaliteit.

'n Hoë voedingspeil gedurende laatdragtigheid kan nooit ten volle vergoed vir swak plasenta-ontwikkeling in middragtigheid nie. Die belangrikste faktore wat die grootte van die plasenta beïnvloed, is:

- voeding;
- temperatuur;
- ouderdom;
- kondisie en liggaamsmassa van die ooi; en
- die aantal fetusse in die baarmoeder.


Wanneer heelwat enkelinge klein is by geboorte, is ooie onwillig om die lammers te laat suip, en wanneer ooie traag is om melk vry te stel, is ondervoeding van dragtige ooie die heel waarskynlikste oorsaak.

(BLAAI OM)

Voeding, hormone en melkproduksie

Vir ooie om sterk en lewenskragtige lammers met 'n gewenste geboortemassa te produseer, asook voldoende melk, moet die voedingspeil gedurende die eerste drie maande van dragtigheid sodanig wees dat ooie minstens hulle massa handhaaf sodat maksimumgroei van die plasenta verseker is.

Die kritieke stadium in die groei van die plasenta is tussen dag 30 en 90 van dragtigheid, wanneer dit van 10% tot 100% van sy finale massa groei. Goeie voeding gedurende laatdragtigheid is 'n vermorsing indien voldoende plasenta-ontwikkeling nie gedurende middragtigheid plaasgevind het nie. Die grootte van die plasenta bepaal grootliks die grootte van die uier en gevolglik ook melkproduksie. Ondervoeding voor dag 100 van dragtigheid kan dus ook melkproduksie beïnvloed. 'n Afname van tot 25% in melkproduksie is by ooie waargeneem wat voor dag 100 van dragtigheid ondervoed is, ten spyte daarvan dat hulle goeie voeding gedurende die laaste ses weke van dragtigheid ontvang het (soos estradiol).



Die plasenta produseer hormone wat noodsaaklik is vir die ontwikkeling van die uier en melkproduksie, en die hoeveelheid hormone wat afgeskei word, hang van die grootte

van die plasenta af. Plasentale hormone speel 'n baie belangrike rol by moedereienskappe, omdat dit onmiddellik ná die lam gebore is, verantwoordelik is vir die vorming van die band tussen die ooi en die lam. Onvoldoende plasenta-ontwikkeling kan daartoe aanleiding gee dat meer ooie hulle lammers weggooi, wat weer 'n groot invloed op lamvrektes en speenpersentasie het.

Pas jou ooie op

Meerlingfetusse het dikwels klein plasentas as gevolg van oorbevolking in die baarmoeder, wat aanleiding gee tot kleiner lammers by geboorte. Somtyds produseer ooie wat in 'n goeie kondisie is en voldoende voeding gedurende laatdragtigheid ontvang het, klein en ondergewig-lammers. Dit kan as gevolg van fetale afsterwing wees, omdat die oppervlakte van die uterus en die kotiledons (baarmoederkoeke) wat deur die dooie fetus in beslag geneem word, nie vir die oorblywende lewende fetusse beskikbaar is nie.

Die ouderdom van die ooi beïnvloed ook die grootte van die plasenta. Jong ooie het 'n kleiner plasenta, hoofsaaklik omdat hulle 'n kleiner uterus het. Kondisie, veral met paring, blyk saam met ouderdom 'n belangrike rol in die ontwikkeling van die plasenta te speel. Meer aandag behoort gedurende middragtigheid aan skraal, maar veral jong vervangingsootjies gegee te word, veral omdat hulle self nog in 'n laat stadium van groei verkeer. Hulle behoort in 'n aparte kamp met beter weiding gehou te word of lekaanvulling te kry.

Hoë omgewingstemperatuur is een van die belangrikste faktore wat die grootte van die plasenta bepaal. Dit blyk dat hoë temperatuur die vloei van die bloed en dus voedingstowwe na die baarmoeder van die ooi beperk. Hittestres kan plasenta- en fetusmassa by geboorte met tot 50% verminder. In hoë omgewingstemperatuur, verseker die voorsiening van skaduwee in kampe hoër geboortemassa en beter lamoorelewings.